Tema: Die derde vrug wat die Gees in my werk is dat die vrede van my herstelde verhouding met God my lewe vul en my tot ‘n vredemaker verander.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 147 - 1: 1,5;
Sb 8 - 1: 1,2 (God se belofte van die uitstorting van die Heilige Gees)
Sb 8 - 2 (Die vervulling van God se belofte)
Ons sing dit in beurtsang: Vers 3 en 4 (almal); vers 5 en 6 (srs); vers 7 en 8 (broers); vers 9 (almal). Ons sing dit op die Melodie van Ps 100.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 122 - 1: 1,2
Votum
Seën
Loflied Ps 85 - 1: 1,3,4 (Mel: Ps 2 se tweede mel)
Geloofsbelydenis: HK Sondag 20
Sing Sb 8 - 3: 1

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Kolossense 3: 12 – 17
Sing Ps 119 - 1: 59
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Belofte van seuns en dogters wat sal profeteer.....
Skriflesing: Handelinge 2: 1 – 21 – Pieter Kruger
Filippense 4: 2 - 9 - Elizka de Bruyn
Teksverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Ps 128 - 1: 4 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe by die deure – klein kassie: Amelia Nasorgsentrum
Sing Sb 4 - 6: 1
Seën
Amenlied: Sb 13-1

Geliefde brs en srs en kinders

“Vrede” is seker een van die mees gesogte lewenskwaliteite wat ’n mens kan besit! Vir eeue reeds smag mense dwars oor die hele wêreld na “vrede”. Vrede - nie net as ’n afwesigheid van oorlog of stryd nie - maar vrede as ’n lewenskwaliteit wat jou innerlike en uiterlike lewe beheers!

Hierdie vrede is so gesog dat daar selfs ’n wêreldberoemde prys daarvoor is. Iemand wat op een of ander manier bygedra het tot ’n situasie van vrede word met die beroemde Nobelprys vir vrede beloon. Daar is talle konflikte en oorloë in die wêreld aan die gang en tans trek die verwoestende oorlog in die Oekraïne die wêreld se aandag en almal bid vir vrede!

Hierdie soeke na vrede kom op verskillende maniere in die geskiedenis na vore: In die Westerse wêreld het die soeke na “vrede” nog altyd meer gefokus op die voorkoming van oorlog. Daar moet vrede tussen nasies wees. Die Verenigde Nasies is gestig in ’n mislukte poging om vrede tussen volke en lande te bewerkstellig, maar kon dit nog nooit regkry nie.
In die Oosterse wêreld is die soeke na “vrede” meer gerig op die innerlike lewe van die mens en allerhande wanhopige godsdienstige en filosofiese pogings word deur die eeue aangewend om hierdie innerlike vrede in mense te bewerkstellig!
In Afrika is die stryd om vrede wanhopig gerig op om in vrede met die bonatuurlike te lewe. Alles word in die stryd gewerp om die bonatuurlike magte van dooie mense en die natuur gelukkig te hou!

Ja, die mensdom plaas so ’n hoë premie op “vrede”. So het dit ook ’n gesegde geword het waarmee ons iemand groet wat sterf. “Rus in vrede” is seker een van die bekendste woorde wat ’n oorledene toegewens word – wel ’n bietjie te laat sou ek reken. “Sjaloom lega” “Vrede vir jou” was een van die groetwoorde waarmee gelowiges mekaar in die Ou Testament gegroet het.

En jy, geliefde br en sr, is daar ook in jou hart ’n behoefte na vrede? Wat gaan in jou binneste aan? Is daar vrede in jou gemoed? Is daar regtig vrede tussen jou en God? Of beleef jy iets van ’n ongemak omdat jy dink God is nie tevrede met jou nie? Worstel jy met skuldgevoelens oor dinge in jou lewe? Is daar regtig vrede in jou oor die uiterlike omstandighede waarbinne jy nou leef? Hoe hanteer jy al die dinge wat in die nuus na jou toe kom oor ons lewe en wêreld? Is daar vrede tussen jou en jou mense? Is daar vrede in jou huwelik? Vrede tussen jou en jou kinders of ouers, jou kollegas?

Met Pinksterfees vandag hoor ons die heerlike evangelie dat die Heilige Gees juis hierdie vrede waarna almal smag, kragtig in ons as gelowiges kom werk. Ja, die Heilige Gees kom vul ons lewe met die vrede van ons herstelde verhouding met God en Hy verander ons tot ’n vredemakers!

Brs en srs, alleen God kan hierdie vrede waarna die wêreld smag, vir 'n mens gee! God is die God van vrede en Hy gee vrede aan almal wat in Hom glo! Dit is Hy wat vrede op aarde geskep het. Die paradys was 'n plek van volkome vrede tussen God en mens! Volkome vrede tussen mense - Adam en Eva - en tussen die mens en die natuur! Daar was volkome harmonie en vrede!

Hierdie vrede duur tot dat Satan op die toneel verskyn om hierdie vrede te kom versteur met sonde! Onder sy invloed word die vrede tussen God en mens verbreek as gevolg van hulle sonde. Die vrede tussen mens en mens – tussen Adam en Eva – word verbreek. En die mens se vrede met die natuur word gebreek en word dit as't ware 'n oorlog tussen mense en natuur om te oorleef!
Selfs die diere leef nou in onvrede met mekaar – Satan – vervloek is jy onder al die diere – op jou maag sal jy seil! Die verskriklike gevolg van hierdie sonde is dat die mens uit hierdie volkome staat van vrede geneem word om in 'n wêreld vol onrus te gaan leef! En die resultaat daarvan sien ons reeds in die eerste gesin as Kain vir Abel doodmaak!

Maar God – as die God van vrede – begin dadelik om hierdie vrede te herstel. God soek die vreesbevange mens op en begin met die herstelwerk. Dit beloof God hierdie herstel toe Hy vir Satan in Gen. 3 sê: ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt!

Die hele Ou Testament is die verhaal van die gevolge van hierdie onvrede en die belofte van vrede wat kom! Ons lees hierdie wonderlike belofte van vrede in Jesaja 9: 5 en 6: 5Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

6Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."

En hierdie seun is Jesus Christus van Nasaret wat in Bethlehem gebore word. Daardie nag met sy geboorte kondig die engele hierdie vrede aan: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" Christus kom herstel die vrede! Paulus stel dit so in Romeine 5: 1" God het ons dan nou vrygespreek deur dat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus!"

Daar is volkome vrede tussen ons en God! Dit is die vrede wat Jesus Christus kom bewerk het deur volkome vir al ons sonde te betaal! Sy lewe, sy sterwe, sy opstanding en sy Hemelvaart – is die volkome betaling vir ons skuld en ons sonde! Nou is ons versoen met God – Daar is vrede tussen ons en God. God het die wapens van straf

en stryd teen die ons neergesit – Hy het vrede gemaak met ons want Hy het Christus in ons plek gestraf.

Brs en srs, ons hoef geen straf meer te vrees nie! Ons sonde en ons sondestryd hoef geen skuld of skuldgevoel op ons te plaas nie! Christus het volkome betaal en ons verhouding met God kom herstel! Daar is nou vrede tussen my en God! Ek hoef niks meer te vrees nie!

Verlede week het ons gesien dat die tweede vrug van die Gees naamlik vreugde dui op die leef in die Here. 'n Vreugde in die verhouding met die Here. Vrede dui op die "herstelde verhouding". Ons is as't ware in die geloof weer terug saam met God in die paradys! In 'n volkome herstelde verhouding – dit is wat Christus vir ons bewerk het.

En op Pinkster word die Heilige Gees simbolies op die kerk uitgestort om juis ook hierdie vrede wat Christus vir ons bewerk het, kragtig in ons lewe te realiseer! Dat ek en jy in vrede kan leef! Paulus skryf in Kol. 3: 15" En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee". Dit moet jou hele lewe beheers!

En hierdie vrede- is volgens ons teksvers – ook die vrug wat die Heilige Gees in jou werk! Dit wat God die Vader belowe het, dit wat Jesus Christus kom doen het, daarvoor kom die Heilige Gees om dit in my te werk!

Dat ek en jy hierdie innerlike vrede kan hê – ten spyte van die feit dat ons nog steeds in sonde val en ten spyte van die feit dat ons nog steeds in 'n gebroke wêreld leef! Dat God se vrede ons lewe kan vul! Dat ek mag weet: vir elke sonde wat ek doen – is daar volkome betaling! Ek hoef God – die Regter wat kom om tussen reg en verkeerd te oordeel – nooit weer te vrees nie! My saak met God is reg – reggemaak deur Jesus en in my gegee deur die Heilige Gees!

En nou moet hierdie vrede my lewe vul. Geen vrees meer vir God se oordeel nie! Maak nie saak hoe groot die sonde is wat ek sou doen nie – wanneer ek dit voor God bring – tree Christus vir my in – en ek word vrygespreek! Brs en srs: daar is geen groter vrede as om deur God vrygespreek te word nie! In hierdie lewe hoef ek dus met geen skuldgevoel te leef nie! Ek moet nie toelaat dat Satan my gedurig aan my sonde herinner en my as't ware daarmee wil vasketting nie! Ek moet vasgryp aan die betaling wat Christus vir my gedoen het en bid dat die Gees hierdie vrede van versoening diep in my gees indra – sodat ek ware innerlike vrede kan hê.

Maar vrede as vrug van die Gees gaan ook oor my uiterlike omstandighede! Vrede is ook die teenvoeter vir vrees en angs wat deur my lewensomstandighede in my gewerk word! Die vrede wat God gee bring ook innerlike kalmte en krag te midde van beproewende omstandighede: As God in vrede met my leef – sal Hy ook dit wat vir my onvrede bring, ten beste bestuur. Dit weet ons uit Romeine 8 en in Fil, 4 het ons gehoor: "Moet oor niks besorgd wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou".

Geliefdes, daar is geen Nobelprys en geen oosterse meditasie of geen ding wat jy op aarde kan doen om hierdie vrede te kry nie – God gee deur gebed aan ons as sy kinders!!!!

Geliefdes, die Gees van die Here doen nog meer in ons met die vrede wat Christus vir ons bewerk het. Hy maak ook van ons vredemakers! Ons wat hierdie innerlike vrede van God ontvang – moet dit ook uitdeel in hierdie wêreld vol oorlog, onrus en stryd.
Dit word baie duidelik uit die kontras wat Paulus tussen vers 19 – 21 en ons teksvers trek. Onthou julle nog die kontras van die vrugteboom en die doringboom?

Kyk 'n bietjie weer na die praktyke van ons sondige natuur wat alles te doen het met die feit dat ons sondige natuur nie vrede soek nie: vers 19: vyandskap, haat, naywer, rusie, verdeeldheid en skeuring! Daarteenoor is die vrug van die Gees: vrede! Dat ons as gelowiges nou deur God in hierdie wêreld geplaas is om die vrede wat Hy in Christus bewerk het, ook prakties uit te dra.

Dit is waarom ons Here Jesus in sy eerste preek alreeds vir ons gesê het: Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word". Ek en jy is ook 'n kinders van die Vredemaker! Ons moet in vrede met alle mense leef en ons moet vrede tussen mense en vrede tussen mens en natuur bewerk. Paulus lê baie klem hierop in sy brief aan die Romeine. In Hf 12: 18 lees ons: As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alles mense! En in hf 14: 19 sê hy: Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bewerk".

Br en sr, ek en jy het ontvang wat die wêreld al vir eeue na smag en in hulle onmag nie kan kry nie! Vrede met God en vrede in onsself en met ons omstandighede! Wat 'n wonderlike geskenk van Pinkster wat ons vandag kan vier! Dat God die Gees dit in ons lewens kom gee het en dit elke dag bewerk!

Maar nou moet ek en jy vrede maak! Ons mag nooit kwaad of vyandskap of haat of rusie aanblaas nie! Ons mag nie oorlog of geweld op enige manier bevorder of goedpraat – tensy dit om die opdrag gaan om ons eie lewens en die lewens van ander mense te verdedig nie! Ons moet nie mense teen mekaar aanhits of mense verdeeldheid of skeuring tussen mense bewerk of goedpraat nie! Ons mag nie mense haat of met wraak in ons harte leef nie.

Gelowiges is nie jaloers op ander mense nie - want dit beteken ek het nie vrede met wat God vir my gee of doen nie! Ons leef nie met wrokke teen ander mense nie! Ons praat sake uit en ons vergewe mekaar! Dit is tog wat ons Here Jesus ons in sy gebed geleer het! Dit is presies waarom Paulus hierdie dinge vir die lidmate in Galasië skryf! Hy sê in hf 5:13 dat die lidmate mekaar byt en verskeur! Nee, ook hier in die gemeente moet ons in vrede met mekaar lewe! Daar is lidmate wat mekaar vermy en wat mekaar nie in die oë wil kyk omdat ons nie vrede met mekaar het nie!

Dit kan nie – dan laat ek nog my sondige natuur toe om my lewe te beheers! Nee, die vrug van die Gees is vrede! Gaan maak vrede met mekaar. Br en sr, vrede beteken ook dat ons die mense wat teenoor ons oortree moet vergewe! En as in my vind dat ek nog nie ’n hart van vergewensgesindheid het nie, dan moet ek ernstig nadink oor die prys wat Jesus betaal het om my met God te versoen! Verstaan ek dan werklik wat Jesus vir my as groot sondaar gedoen het?

Maak vrede met jouself! Oor al jou sonde en jou mislukkings! God het dit lankal vergeef en vergeet! Maak vrede met jou mense! Maak vrede met jou huweliksmaat. Met jou kinders! En kinders – as daar iets is waarvoor julle kwaad is vir pappa en mamma – gaan maak vrede! Maak vrede met jou omstandighede! Gee dit vir God en sy vrede sal oor jou waghou!

Geliefdes, ek sluit af: die eerste woorde wat ons Here Jesus vir sy dissipels gesê het toe Hy na sy opstanding aan hulle verskyn het, was: “Vrede vir julle”! Aangrypend nie waar nie! En Hy herhaal dit nog ’n keer: Vrede vir julle!
Vrede – die volle gawe van sy lewe vir sy kerk! Vrede – die mees gesogte lewenskwaliteit waarna mense deur die eeue smag en vandag nog wanhopig na soek! In die Weste, in die Ooste – in Afrika......hierdie vrede het Jesus vir my en jou gegee!

Die Heilige Gees is nou – op grond van die gebeure van Pinksterdag - besig om hierdie vrede in jou hart te laat leef en dit daar ’n realiteit te maak! Dat die vrede van jou herstelde verhouding met God jou hele lewe innerlik en uiterlik kan vul!

Kom ons wees dan ook vredemakers en dra so baie vrug van vrede tot eer van ons Vader – die God van vrede.

Amen